

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 07 Nov 2018
Page: 8

AVE: 47584.27
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

Noord
Metro
Sport




Gerrit Engelbecht (beste voorspeler) en Johan Grobler (beste agterspeler) word deur Victor Matfield, voormalige Springbok-kaptein, gelukgewens met die toekennings wat hulle tydens TuksRugby se onlangse prysuitdeling ontvang het. Foto: JACO JOUBERT

# Tuks wil in 2019 ook USSA-kampioen word

**Morris Gilbert**

In rugby neem dit durf, deursettingsvermoë, harde werk en 'n gemeenskaplike doelwit om spreekwoordelik die steilste berg uit te klim.

Om op die kruin van sukses te bly, is egter 'n nóg groter uitdaging en die een wat vierkant in UP-Tuks se pad gaan staan in hul strewe om van volhoubaarheid 'n bondgenoot in die 2019-seisoen te maak.

Statisties beoordeel, was UP-Tuks 1 dié seisoen een van die mees suksesvolle spanne in die geskiedenis van die Universiteit van Pretoria ten opsigte van hul prestasies in die plaaslike ligas.

UP-Tuks het in sowel die Carltonliga as die tussen-provinsiale Superliga skoonskip gemaak en 2018 met 16 agtereenvolgende oorwinnings afgesluit. Dit het verseker dat UP-Tuks die Lucas Strachanskild, Carltonbeker en Superliga-kampioenskapstrofee verower het.

Nico Luus, UP-Tuks se hoofafrigter, stem saam dat 2019 in belangrike opsigte meer uitdagend gaan wees.

"Ons is gewoonlik die maatstaf waarteen ons teenstanders hulle meet en daarom soos kroonwild – met elke wedstryd vol in die visier van ons opponente. As jy UP-Tuks kan klop, is jou seisoen so goed soos gemaak. Omdat ons in die 2017-eindstryd om die Carltonbeker laas in die plaaslike ligas verloor het, sal dit ons teenstanders in die 2019-kompetisies nog meer aanspoor om 'n einde aan 'n merkwaardige wenrekord te maak. Wedstryde teen ons sal in rooi omkring word op die kalenders van ons teenstanders," meen Luus.

Hy stem saam dat UP-Tuks moeilik kan verbeter op die prestasies wat dié seisoen behaal is.

"Ons kan nie verbeter op 'n 100%-wenrekord in die Carltonbeker en Superliga nie, maar die groot vis wat weggekom het, was die USSA-kampioenskapstitel. Ons het wel beduidend verbeter op die vertoning in die 2017-toernooi toe ons voorlaaste geëindig het. Feit is dat ons steeds lelik op ons neus gekyk het in die eindstryd teen Maties. Dit is 'n sakie wat ons in die 2019-toernooi moet gaan regstel, wat toevallig in Stellenbosch plaasvind."

Hy het benadruk dat net so belangrik dit vir UP-Tuks sal wees om die eerste keer sedert 2016 weer die USSA-kroon te dra, net so jaloers sal hulle waak oor die kampioenskapstitels wat hulle dié seisoen gewen het.

"Ons het bloed gesweet om bo uit te kom en sal alles in die stryd werp om ons titels te behou."

Volgens Luus het UP-Tuks in 2018 daarin geslaag om strukture te vestig wat die boustene van hul sukses geword en die beste uit elke speler gehaal het. "In dié proses was daar bloot nie genoeg tyd of geleenthede oor om ook indringend na die fynere detail van die spel om te sien nie. Ons wil in 2019 meer op die verfyning van ons spelpatroon fokus omdat ons feitlik al ons topspelers behou en dieselfde afrigtingspan weer die leisels vat," sê Luus.

"UP-Tuks het dié seisoen 'n sterk wenkultuur gevestig wat ons net so na 2019 wil oordra met die belangrike verskil dat daar in elke komponent van die spel 'n opwaartse kurwe op ons spelgrafiek moet wees," sê Luus.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.